Dis ’n hondelewe

Dis vroeg in die oggend. Karien en Lebo klim op die skoolbus. Arme Ben mag nie saamgaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie inklim nie!" sê Lebo. "Geen honde word toegelaat nie!"

Later die middag gaan Karien en Lebo biblioteek toe. Arme Ben mag nie in die biblioteek ingaan nie. Hy wag by die deur.

"Nee, Ben, jy mag nie inkom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"



Die volgende dag gaan Karien en Lebo strand toe. Arme Ben mag nie saam met hulle gaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie saam met ons kom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"

Later gaan Lebo en Karien in die park speel. Arme Ben mag nie in die park ingaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie inkom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"



Arme Ben sit onder die boom by die hek.

"Grrr!" sê Ben. Hy wag en hy wag. Later raak hy aan die slaap.

Zzzzzzzzz .....

Hy begin droom.

Wat droom Ben?

Ben droom hy ry op die bus.

"Ek sal heel voor sit," dink Ben.
Hy kyk by die venster uit en
geniet die rit.

Ben droom hy gaan saam met die meisies skool toe. Hy sit heel voor in die klas, tussen Lebo en Karien.

"Ek kan nie wag vir pouse nie," sê hy vir homself. "En dan is daar nog middagete ook!"

Ben droom dat hy op die strand is. Hy grawe in die sand en ry branderplank op die golwe. Hy geniet sy lewe.

"Die lewe is 'n fees!" dink hy.



Ben droom dat hy in die park speel saam met baie ander honde. Daar is groot honde en klein honde en lang honde en kort honde.

Hy spring op die swaai.
"Swaai, swaai!" sing hy.

Ben draai al in die rondte op die rondomtalie. Hy gly 'n paar keer by die glyplank af. Hy wip op en af op die wipplank. Daarna grawe hy 'n gat in die sandput. Hy geniet sy dag!

Op daardie oomblik maak Lebo hom wakker.
"Word wakker, Ben!" sê Lebo. "Ons gaan nou huis toe."

"Hoe nou? Moet ek wakker word?" dink Ben. "Beteken dit dat ek gedroom het?"

Toe onthou hy alles.

"Ag nee, dis 'n hondelewe!" dink Ben.

Honde gaan graag oral saam met ons!

Groepleesaktiwiteite

1 Kyk na die prente. Sê vir jou maat wat in elke prent gebeur. Sê watter prent eerste, tweede, derde en laaste moet wees.
Gebruik die prente om die storie aan jou maat oor te vertel.

2 Voer 'n rolspel oor die storie op.

3 Lees die volgende sinne vir jou maat. Lees die sinne dan in die regte volgorde. Vertel die storie in jou eie woorde oor.

1.	Ben droom dat hy branderplank ry.
2.	Ben droom dat hy in die park speel.
3.	Ben raak by die hek aan die slaap.
4.	Ben mag nie in die park ingaan nie.
5.	Ben word wakker.

4 Voltooi hierdie aktiwiteit in jou klaswerkboek.

a. Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

moet	soet	voet	boef
Karien	sien	kiem	dien
huis	vuil	muis	vuis
koud	nou	goud	woud

c. Gebruik voorsetsels om hierdie sinne te voltooi:

Ben kon nie _____ die biblioteek ingaan nie.
Ben kon nie _____ die bus klim nie.

d. Soek woorde met die volgende klanke in die storie.
Skryf een woord vir elke klank in jou klaswerkboek:

kl -	sp -	sl -	dr -	gr -	gl -

e. Maak 'n lys van al die dinge wat Ben wou doen. Gebruik kommas om die aktiwiteite te skei.

5 Soek sinne in die storie met die volgende leestekens en skryf dit in jou klaswerkboek:

. , ? !

6 Gesels oor die storie:

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wie is die hoofkarakters in die storie?
c. Noem drie dinge wat Ben wou doen.
d. Dink jy dit is 'n ware verhaal?
e. Wat het aan die begin gebeur?
f. Wat het in die middel gebeur?
g. Wat het aan die einde gebeur?

7 Skryf die storie in vyf sinne oor.
Teken 'n prent wat daarby pas.